higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BEMARKINGSNAVORSING N6

17 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1
- Bemarkingsnavorsing is sistematies en objektief.
- Dit behels die identifisering, insameling, ontleding en verspreiding van inligting.
- Dit formuleer inligting op grond van die data wat ingesamel word.
- Dit het die uitsluitlike doel om bestuur met die besluitnemingsproses te help.
- Dit hou verband met die hele bemarkingsamestelling: prys, produk, plek en promosie.

(5 × 2) (10)

1.2
- Dit gee leiding om die beste besluit te neem.
- Dit gee duidelikheid en skakel onsekerheid uit deur korrekte of akkurate inligting oor die mark en bemarkingsomgewing te gee.
- Dit verbeter die gehalte van besluite wat bestuurders neem.
- Dit help met die proses waarvolgens beleide en riglyne vir bestuur geformuleer word.
- Dit gee getuienis oor sake wat bestuurders oorweeg.
- Dit kan nuwe geleenthede aandui en help om probleemareas te identifiseer.

(Enige 5 × 2) (10)

1.3 Stap 1: Probleemomskrywing
Stap 2: Voorlopige ondersoek / Situasieontleding / Lessenaarstudie
Stap 3: Hipoteseontwikkeling
Stap 4: Skedules van toepaslike inligting
Stap 5: Kies van inligtingsbronne
Stap 6: Insameling van data en steekproefseleksie
Stap 7: Ontleding en evaluering van data
Stap 8: Die verslag (8 × 2) (16)

1.4
- Om die navorsingsprobleem te definieer handel nie daaroor om te besluit hoe om die probleem op te los nie, maar om vas te stel watter inligting die bestuur sal help om die probleem op te los.
- As die probleem nie behoorlik omskryf word nie, kan die navorsing op die verkeerde probleem fokus, en die werklike probleem onopgelos laat.
- Die omskrywing van die probleem bepaal hoe die navorsing ontwerp sal word en watter tipe data ingesamel sal word.
- Die probleemdefinisie beskryf die algemene probleem en spesifieke komponente of subprobleme.
- Om die navorsingsprobleem akkuraat te omskryf, moet die navorser die invloed van omgewingsfaktore ontleed.
- Voorbeelde van omgewingsprobleme is hulpbronne en beperkings, kopergedrag, die regs- en ekonomiese omgewing, en bemarkings- en tegnologiese vaardighede.
- Die probleemomskrywing kan 'n geleentheid vir die organisasie verteenwoordig.
- Deur die probleem breedvoerig te omskryf, kan dit die organisasie help om die werklike redes vir die probleem te vind.
- Deur die probleem breedvoerig te omskryf, kan dit die bestuur help om duidelik te onderskei tussen 'n simptoom en 'n bemarkingsnavorsingsprobleem.

(Enige 7 × 2) (14)
[50]

TOTAAL AFDELING A 50

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1
2.1.1 MkIS
2.1.2 Oudit
2.1.3 Reklame-
2.1.4 Toekoms
2.1.5 Interval
2.1.6 Ongestruktureerde
2.1.7 Projeksie-
2.1.8 Ordinale
2.1.9 Veld-
2.1.10 Kunsmatige

(10 × 2) (20)

2.2
- Die steekproefseleksie moet op die probleemomskrywing van toepassing wees.
- Verseker korrelasie tussen die populasiegrootte en die steekproefgrootte.
- Selekteer ’n steekproefmetode wat by die steekproefelemente en die navorsingsdoelwit pas.
- Verseker dat resultate konsekwent is wanneer die steekproef weer getoets word.
- Verseker korrelasie tussen populasiekenmerke en steekproefkenmerke.
- Verseker dat die steekproefraamwerk maklik toegepas kan word.
- Oorweeg toeganklikheid tot die elemente en die populasie. (Enige 5 × 2) (10)

2.3
- Dit moet groot genoeg wees om sinvolle data te produseer.
- Die toetsarea moet verteenwoordigend van die bemarkingsomgewing wees ten opsigte van media, demografie, mededinging en produkte.
- Die toetsarea moet verteenwoordigend van verbruikersgedrag wees .
- Die toetsarea moet verteenwoordigend van die teikenpopulasie wees.
- Die toetsarea moenie te veel getoets word nie.
- Dit moet ’n normale historiese ontwikkeling in die produkklas hê.
- Dit moet bemarkingsnavorsing- en geskikte bedieners beskikbaar hê.

(Enige 5 × 2) (10)

2.4
- Objektiwiteit behoort die verslagskrywing te rig.
- Die verslag behoort die metodiek, resultate en gevolgtrekking akkuraat uit te beeld.
- Dit is onwaarskynlik dat die bestuur ’n verslag wat hul oordeel in ’n ongunstige lig stel, entoesiasties sal ontvang.
- Die navorser moet die moed hê om die bevindings van die navorsing objektief aan te bied en te verdedig.
- Die reël is om nie doekies om te draai nie. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1
3.1.1	Waar
3.1.2	Waar
3.1.3	Waar
3.1.4	Onwaar
3.1.5	Onwaar
3.1.6	Onwaar
3.1.7	Onwaar
3.1.8	Onwaar
3.19	Onwaar
3.1.10	Waar

(10 × 2) (20)

3.2
- Verkennende navorsing
  Dit word gebruik wanneer daar onsekerheid is oor wat die probleem is of wat in die mark gebeur.
- Beskrywende navorsing
  Om ’n akkurate beskrywing van die veranderlikes in die probleem te skep.
- Oorsaak-en-gevolg-studies
  Dit handel hoofsaaklik oor die invloed van een faktor in die mark en die uitwerking wat dit op die ander veranderlikes in dieselfde mark het.
- Voorspellende studies
  Dit word gebruik om die toekoms van die organisasie of produk te voorspel. (4 × 2) (8)

3.3 Fokusgroepe
- ’n Bespreking onder ’n groep van 8–12 respondente met die doel om kwalitatiewe data in te samel oor verbruikers se reaksies op ’n produk, diens of konsep.
- Uitgevoer deur ’n opgeleide moderator op ’n ongestruktureerde manier.
- Onverwagte bevindings verkry uit ’n vryvloeibespreking.

Diepteonderhoud
- ’n Onderhoud wat op ’n een-tot-een-grondslag uitgevoer word om kwalitatiewe data van ’n individuele respondent in te samel.
- Uitgevoer deur ’n bedrewe onderhoudvoerder op ’n ongestruktureerde manier.
- Ontbloot onderliggende motivering, oortuigings, houdings en gevoelens.

Projektiewe tegniek
- ’n Tegniek om inligting by respondente te kry sonder om hulle onder druk te plaas om te reageer, veral met betrekking tot sensitiewe of ongemaklike onderwerpe, soos kultuur.
- Deur die gedrag van andere te interpreteer, projekteer respondente indirek hul eie gedrag.
- Verskillende projektiewe tegnieke sluit assosiasie en voltooiing in.

(3 × 4) (12)

3.4
- Betroubaarheid
  Die resultate moet dieselfde wees as die toets op dieselfde steekproef herhaal word nadat tyd verloop het.
- Geldigheid
  Die gevolgtrekkings van die metings gee ’n ware weerspieëling van die werklike populasie.
- Sensitiwiteit
  Die vermoë van ’n metingskaal om verskille aan te dui.
- Veelsydigheid
  Die vermoë van ’n metingskaal om statistieke volgens geldigheid en betroubaarheid te interpreteer.
- Interpretasierespons
  Die metingskaal behoort die vermoë te besit om die data te meet, ongeag uitdagings in die insamelingsproses. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 4

4.1
- Ontplooiing
  Wanneer en waar die veldwerk sal plaasvind en hoeveel veldwerkers benodig word.
- Tyd benodig
  Begin- en afsluitingstyd duidelik uiteengesit, asook spertye en die tyd wat dit duur om een vraelys te voltooi.
- Toesighouding en bestuur
  Veldwerk moet glad en sonder vertragings of ander probleme verloop, en die navorser moet presies weet waar om die veldwerkers te vind wanneer hy/sy hulle nodig het.
- Evaluering van werkverrigting
  Veldwerkers moet ingelig wees oor wat van hulle verwag word en watter standaarde gebruik sal word om hul werkverrigting en die gehalte van hul werk te meet.
- Finansies en begroting
  Aktiwiteite wat tydens veldwerk uitgevoer word, moet duidelik omskryf word en ’n kosteberaming moet aan elke aktiwiteit toegewys word. (5 × 2) (10)

4.2
- Die kliënt se instruksies
- Die navorsingsprobleem se aard en kompleksiteit.
- Die verslag se lesers.
- Die metode en medium van die verslag se aanbieding.
- Die logiese vloei van die bespreking. (5 × 2) (10)

4.3
- Dit bepaal die vlak van presisie in die meting van die ingesamelde data.
- Dit stipuleer die verskil wat toegelaat word tussen die steekproefgemiddelde en die populasiegemiddelde.
- Dit verseker die navorser dat die resultate met selfvertroue gebruik kan word wanneer verslag daaroor gedoen word.
- Dit bepaal die standaardafwyking van die populasie.
- Dit is afkomstig van die vergelyking van die standaardafwyking binne die populasie en die standaardafwyking soos in die steekproef gemeet.

(5 × 2) (10)

4.1
4.4.1	K
4.4.2	D
4.4.3	J
4.4.4	A
4.4.5	C
4.4.6	G
4.4.7	I
4.4.8	B
4.4.9	L
4.4.10	E

(10 × 2) (20)
[50]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Langtermyntendense
  Dui die effek van langtermynfaktore op vooruitskatting aan, bv toename in populasie.
- Sikliese komponent
  Dit dui die golfagtige faktore van vooruitskatting aan wat gewoonlik veroorsaak word deur ekonomiese of sakesiklusse, bv die jaarlikse Desember- en Kersfeeshandelsiklus.
- Seisoenale vooruitskattings
  Dit hou verband met bewegings op ’n spesifieke tyd van die jaar wat veroorsaak word deur seisoenale toestande, bv somer- of winterprodukte.
- Alleenstaande geleenthede/wisselvallige skommeling
  Wanneer toevallige geleenthede plaasvind, byvoorbeeld weer- of natuurlike rampe. (4 × 2) (8)

5.1.2 Dit vestig ’n verhouding tussen twee of meer veranderlikes.
Een veranderlike word deur die ander veroorsaak.
OF Een geleentheid of neiging lei tot die volgende. (2)

5.2 Stap 1: Bepaal die inligting wat die navorser benodig.
Stap 2: Bepaal die metode waarop die inligting ingesamel word.
Stap 3: Bepaal die inhoud van die individuele vrae.
Stap 4: Bepaal watter tipe vrae om te gebruik.
Stap 5: Besluit op die formulering van elke vraag.
Stap 6: Besluit op die volgorde van die vrae.
Stap 7: Besluit oor die uitleg en weergawe van die vraelys.
Stap 8: Toets vooraf die vraelys op ’n klein steekproef. (8)

5.3
- Dit is duur om ’n opname onder ’n hele populasie te doen. ’n Steekproef kan dieselfde resultate teen ’n laer koste oplewer.
- Dit is minder tydrowend om ’n opname van ’n steekproef as ’n populasie te doen.
- Die aantal elemente in ’n sensus kan te groot wees om ’n opname prakties uit te voer of moontlik te maak.
- Foute word makliker gemaak namate die populasiegrootte toeneem.
- Dit is moontlik om meer aandag aan besonderhede te gee met individuele gevalle wanneer ’n steekproef gedoen word.
- Dit is moontlik om die studie geheim te hou van mededingers wanneer ’n steekproef gedoen word. (6 × 2) (12)

5.4
5.4.1 D
5.4.2 D
5.4.3 C
5.4.4 B
5.4.5 B
5.4.6 A
5.4.7 D
5.4.8 C
5.4.9 D
5.4.10 C

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou